INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 7 2 8 | 97 11 21 325 | 15 | 21339 |

finansies & TEGNIEK Jg 49/46 Nr.......... P 77 Dat 21. 11. 1997

# Skryf dit reg

DIE verskyning van verteenwoordigers uit die sakesektor voor die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) was goed bedoel. Of dit die gewenste uitwerking gehad het, kan bevraagteken word, want dit lyk nie juis of dit tot dusver veel tot versoening bygedra het nie.

Dit is so maklik om die verhoog wat die WVK bied vir eie gewin uit te buit, soos prof. Sampie Terreblanche en Sam Shilowa se politieke teater bewys het. Die gevolg was emosiebelaaide vertonings van 'n professor aan die rand van die sakewêreld en 'n vakbondleier wat werkloosheid eerder vergroot as verklein. Terselfdertyd is verteenwoordigers van die sakewêreld wat as gevolg daarvan verskyn het, onregstreeks in 'n lig gestel wat hulle nie verdien het nie – maar hulle kon ook nie bekostig om weg te bly nie.

**"Sakemense is net so min politieke aktiviste as wat politieke aktiviste sakemense is."**

Verskynings voor die WVK is veronderstel om te handel oor die tydperk tussen 1960 en 1994. Uit 'n sake-oogpunt was dit 'n tyd waarin die onaanvaarbare kant van apartheid ten volle uitgeleef is en ook tot 'n einde gekom het.

Om te bieg oor vergrype gedurende daardie tyd is een ding. Maar wat was die alternatief?

Hoe sou SA vandag gelyk het indien die NP nie in 1948 aan die bewind gekom het nie, maar wel die ANC? Onthou, die ANC van voor 1994 het 'n heeltemal ander ekonomiese beleid gehad as nou. Die kanse moet so te sê 100% wees dat SA in 'n suiwer sosialistiese of selfs kommunistiese staat omgeskep sou gewees het.

Wat sou dan teen 1960 van die ekonomie oorgebly het? Hoeveel blanke kundigheid sou teen 1960 die land verlaat het? Hoeveel buitelandse beleggings sou teen 1960 nog hier gewees het? Wat sou inflasie, staatsuitgawes, belastingkoerse, werkloosheid en die groeikoers onder sulke omstandighede gewees het? Watter skendings van menseregte sou onder so 'n sentraalgeleide stelsel plaasgevind het?

Iemand wat na Afrika se geskiedenis sedert 1960 kyk en dink dat SA onder 'n sosialistiese of kommunistiese bewind 'n uitsondering op die reël sou wees, ly óf aan hallusinasies óf is 'n romantikus ver verwyder van die werklikheid.

As Shilowa dus die sakewêreld as leuenaars uitskel, is hy in geen posisie om klippe te gooi nie. SA onder die ideologie waarin hy glo kon 'n veel erger plek gewees het as die gemors wat apartheid, wat 'n soortgelyke vorm van staatsingryping was, agtergelaat het.

Dit regverdig nog geensins apartheid nie.

Wat wel gesê moet word, is dat die eerste doel van enige individuele sakeman of maatskappy is om geld te maak. Afgesien van hoe demokraties of ondemokratiese die land gelei word.

Net so min as wat sakemense wat nou met die regering sake doen in groot kritici van die ANC-regering gaan ontaard wat in die tronk gaan sit of hul lewe opoffer vir waarin hulle glo, sou hulle dit in die apartheidsdae gedoen het. Sakemense is net so min politieke aktiviste as wat politieke aktiviste sakemense is.

In ander woorde, alles hang van jou vertrekpunt af. 'n Mens kan sê politieke uitgewekenes soos Thabo Mbeki wat jare lank oorsee gaan bly het, het net gedoen wat sakemanne doen wat vandag hul geld oorsee stuur. Hy het met sy voete gestem; hulle doen dit met hul geld. Het hy die maklike uitweg gekies terwyl Nelson Mandela in die tronk gesit het? Of het hy sy vaderland en familie verlaat om waardevolle werk vir die ANC oorsee te gaan doen? Beroof die sakeman wat sy geld oorsee neem sy land, of versprei hy bloot sy risiko? Het sakemanne in die apartheidsjare swart werkers tot elke prys uitgebuit, of het hulle gegewe die omstandighede die beste gedoen wat hulle kon?

'n Mens kan vir ewig daaroor redeneer... en niks bereik nie.

Waarheid en versoening behoort te gaan oor dit wat die naam sê. Al verskil mense se idee van die waarheid, moet hulle saamstem dat die einddoel versoening is.

As die verskillende bevolkingsgroepe in SA vandag moes stem oor hoe goed die WVK in daardie doel slaag, sal die uitslag besonder insiggewend wees. As van die kantlyn geraai word, gaan die persentasie nie te hoog wees nie want 'n mens kry nie die gevoel dat ons nou skielik een groot versoenende volk geword het nie.

TREFWOORDE
1 Redaksioneel
2 Apartheid
3 Geld
4 Kommissie vir Waarheid
5 Maatskappy
6 Versoening
7 Groeikoers
8 Ekonomie
9
10

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

IN DEO SAPIENTIAE LUX

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 7 2 8 | 97 11 21 325 | 15 | 21339 b |

finansies & TEGNIEK Jg. 49/46 Nr. ........ P. 7 Dat. 21.11.1997

Dit behoort niemand te verbaas nie. Min mense beskik oor pres. Nelson Mandela se vermoë om die onreg van die verlede te begrawe en so versoenend soos hy op te tree, veral as hulle geliefdes weens marteling en moord verloor het.

Op langer termyn sal versoening ook deur die verbetering in mense se lewensomstandighede bepaal word. Dit is SA se grootste uitdaging. Geldelike "reperasie" kan gegriefdes se omstandighede tydelik verbeter, of dit uit die Sasria-fonds, 'n professor se 0,5%-heffing of regstreekse belasting kom. Dit is nogtans geen langtermynoplossing nie.

Skepping van vertroue in die toekoms moet die vertrekpunt wees. Die WVK lewer tot dusver 'n minimale bydrae daartoe. Baie gaan afhang van hoe sy uiteindelike verslag lyk. Gaan dit 'n voortsetting van politieke teater wees, of 'n dokument wat die verlede in perspektief stel en help keer dat gister se vergrype nie môre herhaal word nie? ■

**TREFWOORDE**

1 ........

2 ........

3 ........

4 ........

5 ........

6 ........

7 ........

8 ........

9 ........

10 ........